



# Bakkies lyk reg vir groot rugby

**Michael Green**

Met die Varsitybeker-reëks by sy halfpadmerk en die Madibaz tweede van onder op die puntelys, het die studente van Port Elizabeth nog nie boedel oorgegee nie.

“Die span gaan nie nou die handdoek ingooi nie en ons sal aanhou om positief te wees,” sê Theresa le Roux, die Madibaz se direkteur van rugby.

“Ek glo as ons ’n wedstryd kan wen en minstens twee bonuspunte in ons laaste vier wedstryde kan verdien, sal ons relegasie vryspring.”

Die Madibaz het net drie ligapunte, met net Tuks onder hulle met twee.

Die Ixias is derde laaste met vyf punte en die Universiteit van Johannesburg vierde laaste met 11.

In hierdie stadium gee die Maties die pas aan met 22 punte. Hulle word gevolg deur Wits (18), Pukke en Ikeys (albei 15) en die Shimlas (14).

Volgens Le Roux is die Madibaz sleg getref deur ’n rits bese-

rings aan hul senior spelers. Onder die beseerdes tel die slotte Wynand Grassmann en Gerrit Huisamen.

“Die jongelinge moes opstaan en dit is nie ’n maklike taak in ’n toernooi soos hierdie nie,” sê Le Roux.

Maandag pak die Madibaz die studente van UJ, wat vroeër dié week die Shimlas met 49-12 in Bloemfontein afgeransel het.

Daarna volg wedstryde teen die Maties (tuis), Shimlas (weg) en Tuks (weg).

Met die Madibaz wat nog nie in die reëks kon wen nie, was dit sover moeilik vir spelers om ’n kleim af te steek vir plekke in die Oostelike Provinsie en die Southern Kings se spanne.

Een speler wat sover gewys het hy is reg vir hoër louere, is die klipharde, woelige flank Bakkies Brown.

Brown het al voorheen vir die OP gespeel, maar kan met vrug ook by die Kings betrek word.

Daar moet ook probeer word om Grassmann en Huisamen, die senter Riaan Esterhuizen en vleuel Athenkosi Mayinje in



**Bakkies Brown speel vanjaar skitterende rugby en is sover een van die Madibaz se grootste uitblinkers.** Foto: MICHAEL SHEEHAN

Port Elizabeth te hou.

Al vier dié spelers is propvol rugby en kan hul stempels in die toekoms op die rugbyveld afdruk.